




## STUDENTEBLAD VAN DIE P.U.K. VIR C.H.O.

**Hoofredakteur:** R. G. Kriel. **Tegniese Adviseur:** P. J. W. Louw.
**Hulp-Adviseur:** P. H. S. Pieterse.
**Subredakteurs:** L. Dekker, L. S. Kruger, M Venter, Mejj. H. Hofmeyr en H. Yssel.
**Administrasie:** J. P. H. Viljoen (voors.), G. J. Wissing, L. J. Nelson, B. J. Kruger.

Deel IV. No. 6. 17 JUNIE 1949. 3/- per jaar.



# INTERVARSITY TEEN U.P.!

**Dis alweer intervarsity en skaars het ons met U.K.O.V.S. afgereken of die wedstryde teen Tukkies staan voor die deur. Ons gaan nie groot praat nie, maar ons kan Tukkies die versekering gee dat die botsing op Saterdag, 18 Junie, uiters mooi gaan wees.**

Die feit dat U.P. slegs gelykop teen U.K.O.V.S. kon speel, dui daarop dat ons vanjaar die oorwinnaars kan wees. Maar U.P. kan van hulself deeglik rekenskap gee. Manne soos **Dinkelmann, Swiegers, Bekker, Lubbe** en **Perry** onder die voorspelers en **Daantjie Retief** op vleuel sal die Pukke beslis moeilike tye besorg.

Aan die ander kant is in ons geledere ook manne wat die Tukkies baie verontrus. **Fires**, die kaptein, en sy sentermaat, **Haupt**, is twee manne wat te enige oomblik die bal agter hul doellyn kan gaan plant. **Faan** en **Ammie** is twee vleuels wat hul deeglik kan laat geld. In ons skakelpaar het ons die volste vertroue. **Van Niekerk** stuur die agterlyn vinnig weg en dit het al tradisie geword dat **Platbos** met Intervarsity sy drietjie druk. In die heelagter posisie is **Pierre** veilig. Selfs 'n stoomroller kan nie deur sy verdediging dring nie.

**Harrie, Danie** en **Hoppie,** ons drie voorry-manne, met **Schutte**, en **Rooi Koos** in die slotposisies, is 'n hegte skrummasjien. Hulle moet eenvoudig onder die Tukkies inkruip. **Bul** en **Stoney** kan en hulle sal dit ook desnoods moet doen, en dit is om die bal by die losskakel te smoor.



C. M. v. VUUREN.

**Joggom** op agtsteman behoort die Tuks ook baie lastig te val. Hy speel die veld vol.

Om 'n wedstryd te wen, moet ons die bal gereeld in die skrums, lynstane en losskrums bemeester. Dit is die werk van die voorspelers. Vernaamlik in die dosspel moet hulle alle gewig ingooi en die enkelinge wat soms geneig is om agteraan gedraf te kom, sal dit Saterdag nie kan doen nie. Ons kan wen as elkeen elke greintjie krag in die stryd ingooi!

**Die Navy** behoort, te oordeel na Tuks se vertoning op Bloemfontein, die pyp te kan rook. **Hitler** en sy manne gaan dan ook hul bes doen om te Tukkies Saterdag te trap.

Hoewel Tukkies se Onder 19 vir U.K.O.V.S. 'n kafferpak gegee het, sal hulle hul Moses teekom in **Kaspaas** se span. P.U.K. beskik oor 'n baie knap O/19 span en hulle behoort op te weeg teen enige Universitêre O/19 span.

**Sterkte aan al die Pukkies wat Saterdag vir hul Alma Mater die stryd sal stry. Van die pawiljoen se kant sal At en Patrys die morele ondersteuning waarborg!**

---

**Indien u 'n artikel vir die „Wapad" wil lewer sal ons dit op prys stel as u net die volgende in ag neem: Skryf net op die een kant van die vel papier en laat 'n sylyn oop. Die pers vereis dit.**

**Dankie.**

**REDAKTEUR.**

---

Moenie 'n vriend prysgee om 'n vyand oor te haal nie. Sorg dat jou vriende by jou staan, dan kan jy jou vyande uitdaag.

A JACKSON.

KOM SIEN ONS
vir u
Fotografiese- en
Aptekersbenodighede.

GEEN EN VELLEMAN,
KING EDWARDSTRAAT,
POTCHEFSTROOM.

BLACK'S
DAMES EN MANS
UITRUSTERS
* * *
Posbus 197. Foon 179.
KING EDWARDSTRAAT,
POTCHEFSTROOM.


STUDENTE!
Vanaf 1 April l.l. het
DIE AFRIKAANSE PERS BEPERK
(Eienaars van: „Die Vaderland," „Die Brandwag," „Rooi Rose," „Kort en Goed," „Sondagnuus," ens. ens.) nie alleen in daad maar ook in naam in Potchefstroom verteenwoordig. Vanaf genoemde datum dryf ons handel onder die naam van
DIE AFRIKAANSE PERS BEPERK
IN DIE OU "HERALD" GEBOUE
(Kerkstraat 110)
wat tans herbou is in 'n pragtige MODERNE WINKEL vir
BOEKE, SKRYFBEHOEFTES EN PRESENTE.
Ondersteun u Afrikaanse besigheid!
Die Afrikaanse Pers Beperk
Posbus 149. Potchefstroom. Foon 363
(Voorheen DIRK PONS EN KIE.)
Kerkstraat 110.

# Die Wapad.

17 Junie 1949.

## ONS TREK OP!

Intervarsity! 'n Groot gebeurtenis in die lewe van 'n student, 'n gebeurtenis waarna elke student verlangend uitsien. Die magswoord in die sportlewe van 'n student. Maar 'n Intervarsity bestaan nie bloot uit kompetisies op die sportterrein nie, dit spreek en getuig terselfdertyd ook van hartlike persoonlike omgang met mekaar.



B. J. LOMBARD.

In die jongste verlede het ons Afrikaanse universiteite hartlik saamgewerk, en ook saamgestry vir ons beginsels. Saterdag gaan ons hartlik **saamspeel**, so behoort dit te wees. Op die wyse leer ons mekaar ken en waardeer, en word ons eenheidsgevoel en eenheidslewe in hoë mate bevorder en bestendig.

As 'n intervarsity in dié gees plaasvind, dien dit 'n nuttige doel.

Van 'n intervarsity kan egter ook misbruik gemaak word. Daar is studente wat meen dat so 'n geleentheid 'n vrylisensie bied vir allerhande onverantwoordelikhede en buitensporighede. Dronkenskap en onder euwels is dan o.m. die orde van die dag. Maar soiets strek 'n Afrikanerstudent beslis nie tot eer nie.

Dit stem ons tot dankbaarheid dat hierdie verskynsel nie onder P.U.-Kaners opgemerk word nie. Trouens met die afgelope intervarsity het daar 'n gesonde en aangename gees geheers. Ons studente het getoon dat hulle waardige P.U.Kaners en Afrikaners is. Mooi so Pukke.

Ons gaan intervarsity hou en ons sien met groot geesdrif daarna uit. Ons gaan ontspan en saam deelneem aan studentepret.

**Maar ons gaan andermaal toon dat ons 'n besondere beginsel het, wat ons op elke terrein van die lewe handhaaf: „In U Lig."**

BEN LOMBARD.

## -: *KORRESPONDENSIE* :-

Geagte Redakteur,

Ek is nie van voorneme om weer 'n skwielery in „Die Wapad" aan die gang te sit nie maar soms voel 'n mens verplig om die pen op te neem en jou sê te sê. Ek is al baie lank op die P.U.K. en ek kan u verseker: baie langer as u miskien kan dink en nog nooit het ek enige reaksie op my skwielery in hierdie verband gekry nie.

Dit is ons liewe tennisbane!

Ons mag nie in die oggend gaan speel nie want dan maak hulle die bane reg en as ons in die middag daar kom dan maak hulle ook bane reg! Wanneer moet ons dan speel? Dit is nog niks meneer die redakteur. Die plek waar die spelers hulle vorming moet kry, naamlik teen die muur, lyk soos 'n omgeploegde land en op sommige plekke is die omheining se ogies 'n paar voet in deursnee. As ons tennisspan nie goeie spelers van buite kry nie, dan verloor ons! Van goeie spelers kweek is daar geen sprake nie want hoe op aarde kan 'n mens jou vorming kry teen so 'n muur.

U sal opmerk dat ek al van die bane na die spelers afgedwaal het maar dit was doelbewus.

Ons tennisklub is gans te los meneer die Redakteur. Daar bestaan net individue wat kom balslaan as hulle daarna voel. Geen moeite word gedoen met die spelers wat entoesias-

Vervolg op bladsy 4, kol. 2).

# ALGEMENE KENNIS

## No. 3 'N BESIELENDE FIGUUR.

Die digter Cyriel Verschaeve is dié digter van die Vlaamse nasionale strewe, 'n strewe wat soveel ooreenkoms met dié van die Afrikaner vertoon. Die Vlaminge moet teen die Waalse (Frans-Belgiese) oorheersers stry om politieke en taalregte asook teen die slapheid en verraad in eie geledere. Hulle stryd is niks minder hewig as ons s'n nie.

Hierdie digter trotseer die vyand se tronke en vervolging. Sy kuns is 'n besieling vir wie dit lees. **Die kern van die nasionale stryd is vir hom die liefde: liefde vir land, volk en godsdiens.** Hy is 'n Rooms-Katolieke priester met 'n sterk vitalistiese inslag, wat 'n geweldige verering vertoon vir die lewe en die daad wat uit liefde gebore is. Nieteenstaande etlike verskille met ons opvattinge, staan hy in baie opsigte ons baie na aan die hart. Hy het vir sy volk 'n leier en 'n profeet geword, 'n vereerde en beminde simbool van alles wat volkseie is. Vir die Vlaming het sy naam geword wat „Kruger" vir ons is.

Daar het onlangs 'n bloemlesing uit spreuke van hom verskyn, wat 'n magtige wapen geblyk het om die jeug mee op te wek. **Ons leer hom hierin ken as iemand van ontsaglike wysheid, maar iemand wat ook alles verag en haat wat nie suiwer is nie.** Die bloemlesing bestaan uit hoofstukke gewy aan die jeug, die „lewenswet," manne-adel, die vrou, die volk, e.a. Die Redaksie van „Die Wapad" hoop om in hierdie en in die volgende uitgawes enkele daarvan te publiseer. Mag ons ook daaruit besieling put en geestelik verryk word!

### 1. DIE JEUG.

Jongelinge droom die skoonste as hulle mannedrome droom.

* * *

Moenie droom van triomfies nie, maar van triomf. Suksesse is die graf van droom en dromer, nood en dood trappe na hulle triomf.

* * *

Skoonheid is die lont van die lewe, veral vir die jeug, die ontvlambare!

* * *

Die kern van die jeug is liefde, liefde wat moet verstik as dit nie brand nie. Liefde vir die eie: vir 'n tuiste, 'n land, 'n volk. Laat u liefde altyd die liefde van u jeug wees, want hegter en voller kan dit nie word nie.

* * *

Wie te veel benewens homself besit, besit homself nie. Raap uself op en werp uself vooruit, as u iets wil wen wat u eie is en bly.

### 2. DIE LIEFDE.

Kyk in u hart: daar staan die wegwyser.

* * *

Liefde is dwingeland: hy moet dit wees as hy egte liefde is, al-eisend omdat hy al-gewend is.

* * *

Die liefde is die beste gids na die waarheid.

* * *

Alleen liefde lewer die hele siel.

* * * *

Die gees kan vreemd dink, maar die hart kan nie vreemd voel nie.

### 3. DIE VROU.

Die hart van 'n volk is sy vroue.

* * *

Die vroue is die daeraad van die toekomstige lewe, en as die daeraad helder en wolkloos is, sal die son sekerlik opkom.

* * * *

Harte is bronne van lewe. Harte is dit des te meer na gelang hulle van liefde lewe. En watter oortref die vroueharte hierin?

* * *

'n Man word neergeslaan deur smart, 'n vrou buk slegs daaronder.

* * * *

Waar mannenood begin, word vrouemag gebore. Haar mag is dit om nood te lenig. Haar mag en hoogste vreugde.

* * * *

Geseënd is die volke wat hulle grondveste vind in die liefde van hulle vroue. Vir die dood hoef hulle nie te vrees nie.

CYRIEL VERSCHAEVE.


*Die Kwaliteit tel altyd.*
Probeer hierdie vir Ekonomiese en durende gemak.

* * *

Sportbaadjies—Embassy.
Sportbroeke—Alba.
Sportskoene—Master 6.
Nuutste Hoede—Battersby.
Pakke Klere—Perfection.
Reënjasse—Durburg.
Pyjamas—Monatic.
Hemde—Consulate.
Onderklere—Meridian.
Dasse—Tootal.
Kouse—Wolsey.
Kruisbande—Guyot.

* * *

ALLES VERKRYGBAAR BY
**TOD SUTTIE'S**
**Die Mans Klerewinkel.**

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**

INGEVOERDE
en
KOLONIALE WYNSOORTE
en
SPIRITUALIEË.

**W. J. GRAHN**
HAARKAPPER.
DIT IS DIE STUDENTE SE HAARKAPPER.
*Hier kry U Diens!*
* * *
**LANGS DIE TRANSVALER-BOEKHANDEL.**

Potchefstroom
se Mees Moderne
DAMES-KLEREWINKEL

Die jongste versameling van
**Dames rokke, -Baadjies, „Jeeps," Skirts, Bloese, Onderklere, Blomme, Naaiwerkbenodighede, ens**

BY

**LA VOGUE**
(J. M. Taylor)

**Posbus 221.** **Foon 440.**

**P. H. JOB**
**King Edwardstraat 51,**
(oorkant Queen's Hotel)
**POTCHEFSTROOM.**
**Foon 1031.**

Agent ELECTION horlosies
**Büren, Lanco, Ernest Borel, Renee etc.**
VIR EERSTEKLAS REPARASIES
EN GRAVEERWERK.

DIE NUUTSTE ONTWERPE.
MODE SE HOOGSTE PUNT.
ENKEL-LISSIE
DAMESSKOENE
vanaf 29/6

**EDWORKS (1936)**
**BEPERK**
**KERKSTRAAT, POTCHEFSTROOM.**

**W. J. SPAVINS EN SEUN**
VIR ALLE
Elektriese Benodighede,
Draadlose, Koelkaste.

**KERKSTRAAT 65,**
**POTCHEFSTROOM.**

# Oordenking.

**Ps. 30: 6 . . . . „saans vernag die geween, maar smôrens is daar gejuig."**
Saans geween . . . . smôrens gejuig!

Wat 'n waar woord. 'n Bekende verskynsel in die lewe van die skepping en veral in die mense-wêreld.

Kyk na die **kinderwêreld**—hoe hulle bedags speel en werskaf tot dit aand word en dan skaars kan klaar eet omdat „vaak" gepaard met „moeg" hulle oorval, en dan is dit huil-huil na bed totdat die slaap hulle oorweldig. Die volgende môre egter is alles weer fris en lewendig.

Kyk na die wêreld van groot mense—**saans** keer die landman moeg en moedverlore na sy huis—in die **môre** is daar weer nuwe moed en nuwe planne!

**En in die studiewêreld**—hoe moeilik dikwels om saans nog meer „in" die hoof te kry—maar die ander dag môre is alles weer fris, en wat saans nie meer wou in nie, skiet smôrens as vanself sommer die geheue binne!

Kyk na die **dierewêreld—**hoe benoud word dit vir die swakker diere in die aand wanneer „die jong leeus brul na roof" (Ps. 104: 21), maar as die son opgaan is daar verligting.

Ja, waarlik, daar is saans geween—veel en velerlei—maar smôrens gejuig—ook in velerlei vorm en krag.

Die **aand** en **môre** van die **menselewe** en skeppingslewe, albei met hulle **geween** en **gejuig.** As die mens gebore word is daar **vreugde,** as hy sterwe in sy lewensaand is daar **geween.**

In die **môrestond** van die skepping, so sê die Skrif, het die môresterre en die seuns van God **gejuig** (Job 38: 7) maar in die **aand** van die skepping sal mensekinders **ween,** wanneer Christus in sy wederkoms, die skeppingslewe **afsluit,** dan sal „al die stamme van die aarde rou bedryf" (Matt. 24: 34). Dan sal die **nood-oproep** gehoor word tot die berge en rotse: val op ons en verberg ons!!

Ja, waarlik, die menselike geslag sal sy lewensaand ingaan met **geween,** die opgehoopte eeue-vloek!

En as die skeppingsaand nader sal daar **skriklikhede** gesien en gehoor word, die **geween** van die sugtende en sterwende skepping! „daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op aarde benoudheid van nasies in hulle radeloos heid wanneer see en branders dreun . . . want die kragte van die hemele sal geskud word" (Luk. 22: 25, 26). Die skepping sal sy lewensaand ingaan met **geween** die opgehoopte eeue-lyde!

Maar na hierdie **aand-geween** van die **ou skepping** en **mensheid** sal daar herrys, in die **môrestond** van die **herskepping,** 'n nuwe en 'n nuwe aarde met 'n nuwe mensheid en dan sal die ewige „Verby"-woord van die Skepper inlui die **môre-gejuig** van die ewigheid.

H. DU PLESSIS.

(Vervolg van bls. 2, kol 3).

ties is en potensialiteite besit, maar nog te swak is om by 'n span ingesluit te word. Die tennisklub is sekerlik nie gestig om **goeie** spelers 'n oefenplek te gee nie maar om almal wat gewillig en entoesiasties is die moontlikheid te bied om hom te leer en laat ontwikkel. Alles word in een lig gesien en dit is: **intervarsity** en **wen,** en om dit te bereik moet ons wag om goeie spelers uit ander geweste te kry!

SPELER.

## LAAT BERIGTE

Skielik is tot 'n ontdekking gekom deur die Botaniese navorsery.

**Hoofafdeling:** Pukkiealae.

**Afdeling:** Nkulae—Gathlandae.

**Klas:** Tokkeloko—anti-cosmeticae.

**Familie:** Jan Basicailis—Dorothyales.

Die geslag en die soort van hierdie familie sal nie bepaal word nie, omdat dit blyk dat die verspreiding van lokale aard is en miskien net tydelik.




## WYSGERIGE VERENIGING

Alhoewel hierdie vereniging nog maar jonk is en in die verlede sy bestaan nog nie ten volle kon regverdig nie, is ons tog van plan deur aktuele lesings wat gehou sal word, om die Vereniging tot 'n lewendige Vereniging om te skep waaruit elke student baie nut en voordeel sal kan verkry.

Die misverstand dat die Wysgerige Vereniging net gestig is vir die studente wat Wysbegeerte as vak neem, moet onmiddellik die kop ingeslaan word. Hierdie Vereniging is bedoel vir **alle** studente, **ook** vir die studente van die ander fakulteite, o.a. Natuurwetenskappe, Handel, Lettere, ens.

Hierdie Verenilging stel hom o.a. ten doel die bestudering en propagering van die wysgerige grondslae van die Christelike vakmetenskappe wat nie „In U Lig" beoefen nie. Verder stel dit hom ten doel die stel, bespreking en oplossing van aktuele vraagstukke, gesien „In U Lig" vir die vorming van die Lewens- en Wêreld-beskouing van die lede.

In hierdie verband sal die bestuur dit op prys stel as lede enige probleem wat hulle mag ondervind, of enige ander aktuele vraagstuk waaromtrent hulle meer wil weet en wat hulle graag bespreek sal wil hê, aan die bestuur wil voorlê, waarop ons, indien dit ook in belang van die ander lede sal wees, 'n persoon sal vra om 'n inleiding daaroor te lewer.

Lesings is al in die verlede gelewer oor onderwerpe soos: „Is Wysbegeerte 'n praktiese Wetenskap," „Hipnotisme," „Die Probleem van Spykerologie in ons studentelewe, besien ‚In U Lig.' "

Die lewendige besprekings na afloop van die inleidings toon aan dat die lede hier iets aktueels vind, wat veel sal bydra tot die vorming van hulle lewens- en wêreldbeskouing.

## SKAAK.

Dit sal die eerste keer in die geskiedenis wees dat ook op die gebied van skaak 'n intervarsity afgespeel sal word. Ons skaakklub het baie lewe en hoewel die standaard van die gehalte spel wat gelewer word, miskien nog nie van die hoogste is nie, kyk ons vol vertroue die toekoms in. Ons span teen U.P. sal deeglik rekenskap van hulleself kan gee. Sterkte aan hulle.

**Prof. D. van Rooy het die daad by die woord gevoeg en ons 'n pragtige wisselbeker geskenk.**

Die verskillende fakulteite—d.w.s. B.A. (B.D. daarby ingesluit); B.Sc. (B.P.Ed. ingesluit) en B.Com. en aanverwante handelskursusse, sal om hierdie beker kompeteer. Spanne van sewe lede sal vroeg volgende kwartaal teen mekaar optree.

L. KRUGER (voors.)

Die ware held is nie die een wat nie vrees ken nie, maar die een wat vrees oorwin.—**H.G.W.**

*Wanneer u*

OU VRIENDE(INNE) WIL ONTMOET,
LANG PRETTE WIL MAAK,
LEKKER WIL ONTSPAN,
EN TERSELFDERTYD LEKKER WIL EET,

*Kom na*

**CACHET VERVERSINGSKAMER**

**Tee, Koffie, Koeldranke, Eetware, Sigarette, ens., alle tye van die dag verkrygbaar.**

**Eienaar: H. J. Kruger.**

# SPORT

## RUGBY

Ongelukkig moes die Theos. verlede Saterdag die knieg voor Western Reefs buig met 12—8. Die opponente se punte is ingesamel deur vier strafskoppe. Die Pukke moes hierdie wedstryd met gemak gewen het, maar die skeidsregter het daar geen geheim van gemaak nie dat hy ten gunste is van 'n oorwinning vir Western Reefs. Nie minder as twee dries van die Pukke wou hy nie erken nie.

Dit is nie die eerste keer dat die Pukke 'n wedstryd verloor vanweë die skeidsregter nie en daarom sal dit geregverdig wees as ons rugbybestuur beswaar teen sulke tipe skeidsregters by die Skeidsregtersvereniging aanteken.

Kaspaas se span het Proefplaas op oortuigende wyse verslaan met 12—0.

# VREETSAAM

(deur die 3 V's).

Die toneel is die eetkamer van Molenstraat 1a om 7.15 v.m. Daar staan drie gedekte tafels met borde stomende pap.

Net **Pelser** is aan tafel. Hy word buite rekening gelaat, want hy is ons eerstejaar.

**Tok**, naturalis in die ergste graad, versteur die vreedsame gekou van bogenoemde. Soos altyd is hy geklee in sy Hepworths advertensie-uitrusting (die nuutste sensasie in die New Look vir mans) t.w. rooi keps, bril, boordjie en das, slippers—en druiweblaar. Hy groet niemand want daar is nie iemand nie.

Kort op sy hakke kom **van der Haas**, ongewas soos gewoonlik. Hy kan nie juis vrek van vriendelikheid nie, want om soggens te gaan eet beskou hy as 'n slegte gewoonte aangeleer toe hy 'n kind was. **Boonop is hy nog siek ook—klassiek in twee betekenisse.**

As **Campbell** se „Excuse" weerklink, trek **Pelser** sy skouers op, want hy hoor al klaar: „Pello! Nog ses snye hier nè? Ek ops Flippie se koffie."

Die Verskrikking uit die Ooste (**Attie**) maak nou sy verskyning in wat hy noem 'n rooi sweet pak (£3¼) maar ons noem dit sommer pajamas. Hy is oninteressant en retories.

Wat het ons daar? Nee, nie Van Jonson nie, maar **K.M.V. v.d. Merwe**, die Kalahariseldsaamheid. Hy mis nie juis die ontbyt nie want hy leef van wurgpatats, grondboontjies, droëperskes en . . . liquid paraffien.

**Marasas** en **Fourie** tree binne: E.g. oefen nog steeds tennishoue.. Dis al. L.g. het skynbaar Molenstraat gekoop

(Vervolg bls. 9, kol. 1)


*„OORVERTEL DEUR SPRINGBOK" Nr. 4*


# „Maar net 'n Skooldogter —dis onmoontlik"


*het die mense gesê.*

**Toe Peggy Duncan, heen en weer geslinger deur die strome van die see, in 1926 die tog van Robbeneiland na Roggebaai met sukses afgelê het, het sy 'n prestasie behaal wat min mense moontlik geag het in 'n skooldogter van vyftien jaar.**

**In 'n swemtog van 9½ uur wat haar as 'n veteraan bestempel het, het sy teen sterk seestrome, ongunstige weer en verlammend-koue water geworstel en haar naam onuitwisbaar op die blaaie van die Springbok-geskiedrolle geplaas.**

**Peggy Duncan, nog in haar tiender jare, het in 1930 in 16¼ uur oor die Engelse Kanaal geswem en sodoende vars louere tot 'n meteoriese loopbaan gevoeg.**






10 - 20 - 50
*Met of sonder Kurk*


# SPRINGBOK

*Die Sportman se Sigaret*

U/S 358

# ONS STAATMAKERS

## SING-SONGS



H. A. ESTERHUYSEN.

Pukkies, met die U.K.O.V.S. oorwinning nog vars in ons geheue, is ons pad na oorwinning Saterdag sekerlik weer oop.

Ek wil ook aan Fires en sy span sterkte toewens en hom verseker van ons ondersteuning vanaf die pawiljoen. Werk tog nie te rof met die kleingoed, Pukke, want julle weet hulle lyk maar vaal, en val ook baie oormekaar.

Aan almal op die pawiljoen wil ek net sê dat ons gaan Saterdag sing soos nog nooit tevore nie. Graag wil ek ook van die geleentheid gebruik maak Pukke, om julle almal te bedank vir die pragtige ondersteuning wat julle aan my en At gegee het tydens U.K.O.V.S. intervarsity. Laat ons die gees weer hoog hou want dan kan ons nie verloor nie.

HOU NET SO AAN en dan kry „Noord-Transvaal," Saterdag op hulle bas want:

„Dit is Pukke wat juig,
Dit is Tukkies wat suig,
En op die veld druk Pukke net dries,
Dis Al."

PATRYS.

## DAMES-HOKKIE

Soos al die spanne is ons gretig om die Tukkies te wys presies hoe 'n bal gespeel moet word. Die Tukkies sal dus werklik goed moet wees as hulle ons voorlyn wil stuit want wie ken nie Anna, Hélène of Helena in aksie nie om nie Emmie en Hertha te vergeet nie. Die skakels o.a. **Gwen**




A. WILKENS.

en **Marie**, is vasbeslote dat geen Tukkie met 'n bal by hulle verby sal kom nie. **Fransie** en **Jessie** wat so in die stilligheid by Bobby Locke geleer het hoe om 'n bal in die ruimte te laat verdwyn, sal Tukkies se hart in hulle skoene laat sak, en **Rina** verstaan die kuns om 'n bal uit die doelpale te skop. Ons is dus gretig om hulle te wys wat ons kan doen—en met julle ondersteuning Pukkies is ons moontlikhede onbeperk.

M. CALITZ (sekre.)

## TENNIS



L. R. BOTHA

Ja, ons gaan vanjaar weer op 18 Junie teen Tukkies die stryd aanknoop op die tennisbane.

Ons sien uit na hierdie wedstryd teen U.P. Ons hoop dit sal 'n aangename wedstryd wees en ons sal dit almal net so geniet soos die wedstryd teen U.K.O.V.S.

(Vervolg bls. 8, kol. 1).

ONDERSTEUN 'N OUD-P.U.KANER

**J. P. V.D. WALT.** L.F.V

Apteker

**Kerkstraat 111 (langs Ackermans)**
Foon 929,
**POTCHEFSTROOM.**

* * *

**Ek voorsien alles wat van 'n Apteek verlang word.**

Ons strewe is Diens aan die Publiek.
Service to the Public is the inspiration of our efforts!

Always first with the Latest Shoe Creation.
Altyd eerste met die nuutste skeppings in Skoene.

**Largest Distributors of High Grade Footwear in South Africa.**
**Grootste Distribueerders van Stewels en Skoene in Suid-Afrika.**

**W. M. CUTHBERT**

Posbus—296—P.O. Box
Foon—137—Phone
**POTCHEFSTROOM.**

Skoeisel-Spesialiteite
Footwear Specialists

**GILFILLAN EN STROH**

**POTCHEFSTROOM.**

FIETSE EN FIETSREPARASIES

**CORNER FRUIT STORE**

**VIR**

VARS VRUGTE EN GROENTE

DAELIKS.

• • •

**HOEK VAN KING EDWARD EN RETIEFSTRAAT.**
**Foon 118.**

(Vervolg bls. 7, kol. 2).

Oefen maar hard Tukkies, al moes ons nou Jood vir julle gee, sodat julle ook 'n span kan hê, ons sal darem nie te straf met julle handel nie.

L. R. BOTHA (kapt.)

## JUKSKEI



J. H. LABUSCHAGNE.


Alhoewel U.K.O.V.S. ons op 'n verkeerde voet betrap het, is ons nie van plan om die knie voor Tukkies te buig nie. Ons speel nou wel teen ons voorgooier Jood, maar ons het 'n ander voorgooier wat hom al sy dae gaan gee. **Verder is ons span reg vir Tukkies.** So ook is die Mans B. Hulle het net soos die A-span naelskraap verloor teen U.K.O.V.S. en sal beslis 'n ander spel speel teen Tukkies.

Aan die dames is daar deesdae geen keer meer en almal kan verseker wees dat hulle die Tukkies 'n les of wat sal leer.

Vandat **Tiekie du Toit** gesien het hoe kaffertjies in streepsakke slaap, slaap hy gereeld in sy kussingsloop.

## MANS-HOKKIE

Hoewel ons vanjaar, na soveel jare, die hokkie verloor het teen U.K.O.V.S. voel ons nie in die minste bevrees vir 'n soortlike gebeure teen U.P. nie. Die feit dat ons hokkiebaan 'n nuwe blad moes opkry het aanleiding daartoe gegee dat ons vanjaar later as gewoonlik met ons oefeninge begin het. Pas 'n week nadat die studente van proefonderwys teruggekeer het moes ons die intervarsity speel teen U.K.O.V.S. met die bogenoemde resultate. Dis nie dat ons verskoning wil aanbied omdat ons nie die pyp kon rook teen Kovsies nie, maar ons wil so 'n waarskuwinkie rig aan die adres van die Tukkies en dit is dat hulle sal moet wakker loop anders sal hierdie intervarsity vir hulle minder aangename herinnerings inhou.



J. F. C. VENTER

**Pukkies laat ons weer optrek met daardie ou gees en met een doel en dit is om daardie wit plank (jul weet almal waar hy is) te laat klap.**

J. F. C. VENTER (Kaptein).

'n Mens moet vertroue vind sonder om daarvoor te soek. F.B.



*LEES*——

**Die Westelike Stem**

Enigste Afrikaanse Weekblad wat gepubliseer word vir Wes-Transvaal.

——:o:——

SPORTSBERIGTE, ALGEMENE NUUS.




**DIE NUWE VELOCETTE 149 c.c.**

Twee-silinder, Waterkoeling, met aandryf-as

£147/10/0

**J. HEIDEMA**

**Kerkstraat 30,**
teenoor die Geref. Kerk,
**POTCHEFSTROOM.**

DIT IS TRADISIE DAT DIE

P.U.K.-STUDENT

van al sy benodighede deur **DIE TRANSVALER-BOEKHANDEL** voorsien word.

**Studieboeke, Vulpenne, Skryfbenodighede, Populêre Leesstof en Tikmasjiene word in voorraad gehou.**

Ondersteun u eie Boekhandel

**DIE TRANSVALER-BOEKHANDEL**

**Foon 497, Kerkstraat 90,**
**POTCHEFSTROOM.**

VRA VIR DIE

Beroemde

*"Bennie Osler"*

RUGBY STEWELS

**„GRAND CHALLENGE",**
**"INTERNATIONAL"**
**EN "JUNIOR"**

vanaf 32/6

* * *

**DE BRUYN SE SKOENWINKELS**

**(EDMS.) BPK.**

**POTCHEFSTROOM.**

## NETBAL

'n Vreemde spel! Maar wat, ons is vasberade om U.P. in hulle eie spel kaf te draf!

Wie het al die 96—22 vergeet? En toe ons onmiddellik daarna netbal gespeel het. Wie het gewen? Weer ons eie staatmaker-dames!



H. HOFMEYR.

Ons moet erken ons is nie op hoogte met die reëls nie—maar ons sal darem wys wat ons kan doen. **Heleen,** ons kranige kêppie met haar ratse spel, opgevolg deur **Hélène** en **Claudine** is genoeg om die U.P.-ouens verstom te laat staan. Wat nog van ons doele: **Chrissie de Wet, Thresia** en **Cilna.** Ook ons verdedigers is vasberade om U.P. geen enkele doel te laat kry nie. Wie ken nie vir **Napoleon, Jessie** en **Lida** nie.

Hou duim vas Pukkies! Kom ondersteun ons!

H. SCHEEPERS (sekr.)

(Vervolg van bls. 6, kol. 3).

want hy staar soos 'n somber afkeurende god uit die hoogte. Hy verbeel hom hy's baie mooi—hy is nie.

Terloops, **Steenie** is reeds hier. Hy verbeel hom nie hy is baie mooi nie—hy is. En is hy amoreus!

Miskien sal **Kampfer** opdaag, want ons temperamentvolle plaaslike Bing Crosby hou van sy slapie. Sou dit die Duitse bier wees wat die slaaplus so aanwakker?

Eindelik kom ons Vandale-trio binne. **Visser:** (en dit moet je weet) hy behoort aan Radar. Dit is ook al. **Venter,** die bruinoogbeertjie: „Slaag ek nie B.Sc. loop ek B.Comm. met die oog op tokkelok." En dan die atoom bom (hy noem homself **Pieptol**). Hy klee hom eers aan die eettafel. Hy **vreet glas** en is die vriendelikheid self.

Nadat almal klaar geëet het, kom ou Flippie eers. Waar eenvoudigheid opgehou het, daar het hy begin. Hy eet net hier. N.S. Hy laat sy wasgoed ook hier was.

Leser, stel u dus voor hoe swaar ons ou huismoeder moet leef om al hierdie smake te bevredig. Die menu varieer daagdiks van gerasperde glas (vir Pieptol) tot spykerghries of blatjang (vir Campbell). **Maar een ding het al hierdie uiteenlopende karakters gemeen—op 'n Saterdagaand sit almal eendragtiglik in die voorste ry van die President.**

## VERGEWE— ONVERGEET

Daar het 'n liewe Lucia,
Vlak by ou Steve gestaan;
Waar paar-vir-paar studente
Langs „Lovers-lane" gaan.

'En skielik kom daarlanges,
'n Tokkelok verby,
Wat met sy liefdesblikke
Ou Van in die wiele ry.

„Jy het mos liewe Lucia
Vir my anderdag geknik,
En daarom het ekself
My vere reggepluk."

Kosie Jooste verdwyn weer,
Daar agter om die hoek,
En langsaam begin ou Stevie,
Weer geselskap op te soek.

Sy skaamheid was verdwene,
Sy mondjie was geplooi
En skielik sê hy sommer:
„Ai Lucia, jy is mooi!"

Ou Kosie skep tog moed weer,
Met die aangroei van die maan
Sy glimlag word al breër
en groei maar aldeur aan.

IMPIRI.

J.N.J. KRITZINGER
FOTOGRAAF
ROYAL HOTEL-GEBOU,
Kerkstraat 84, Telefoon 455,
POTCHEFSTROOM.

AS U 'N FOTO WIL SKENK,
Kyk dan eers na ons Foto's (in ons Ateljee of by tevrede P.U.Kaners).

P. GROBBELAAR
FOON 331.
KING EDWARDSTRAAT 114,
POTCHEFSTROOM.

PRAKTIESE SNYER EN KLEREMAKER.
★
Distribueerder van
Rex Trueform Klerasie.

Pukke is altyd hartlik welkom by
UNIEWINKELS
as hulle in Johannesburg is.
ONS VOORSIEN REEDS DIE VOETBALTRUIE EN KOUSE.
Binnekort maak ons 'n belangrike aankondiging i.v.m. die KLEURBAADJIES.
UNIEWINKELS BPK
Johannesburg.
KERKSTRAAT 45. FOON 22-4746.

# W. J. GROBBELAAR

DAMES EN HERE HAARKAPPER.

*MARCEL EN WATERGOLWING.*
*PERMANENTE HAARGOLWING.*

*Jamal Machineless Cream Perm.*
*Helen Curtis Machineless Oil Perm,*

BEKWAME BEHANDELING GEWAARBORG.

Tabak-handelaar en Fantasiegoedere.

**Tel. 330. KERKSTRAAT 92, POTCHEFSTROOM.**



Die Firma van
**DAVY ROBERTSON se ATELJEES**
Alom bekend vir die produksies van die mees moderne **PORTRETTE.**
Ook vervaardig ons **FOTO-RAME.**

## DAVY ROBERTSON

Bus 99. Telefoon Nos. 317 & 493.
**POTCHEFSTROOM.**
**Ook te Rautenbachs-geboue, Klerksdorp.**



KOM NA

## POTCHEFSTROOM HANDELAARS

**Die mees bekende Afrikaanse Handelaars.**

**Fone: 259 & 250.**
**POTCHEFSTROOM.**
**KERKSTRAAT,**



## MODERN FURNITURE MART

**KERKSTRAAT 128,**

VIR AL U MEUBELS.
**„DE WALD RADIOS"** in voorraad sowel as Slaapkamer, Draagbare en Tafelradiogramme.
REDELIKE PRYSE.
Maklike terme kan gereël word.


Niemand kan so sag en strelend praat soos 'n tandarts wat tussen sy bore soek na die wreedste een wat hy kan vind nie.

* * *


## LUCILLE

DIE ROK SPESIALIS

Altyd eerste met die Jongste.

Foon 62.
**Kerkstraat 146,**
**POTCHEFSTROOM.**



## POTCHEFSTSROOM DRY CLEANING WORKS

**FOON 789. POTGIETERSTRAAT 18.**

**PROBEER ONS**

VLEKLOSE DROOGSKOONMAAK EN SPOEDIGE AFLEWERINGS.

*Eienaar:*

## P. D. DE WET POTGIETER

**POTGIETERSTRAAT, POTCHEFSTROOM.**



Probeer ons eerste vir u

***WINTERBENODIGHEDE***

GROOT VOORRAAD OP HANDE EN PRYSE WAT ELKEEN KAN BEKOM.

:o:

# BOTHA GOOSEN

Foon 430 POTCHEFSTROOM Posbus 81


Gedruk deur Die Westelike Stem, Potchefstroom en uitgegee deur die P.U.K.-studente Verteenwoordigende Raad.